HOOF VAN GVE MET FAMILIE HERENIG

AVANIS. – Daar was groot vreugde in die paleis van Safenat-Paneag toe hy gister met sy familie ná ’n skeiding van twintig jaar herenig is.

’n Woordvoerder van sy kantoor het bekend gemaak dat die sogenaamde. “spioene” wat al ’n paar keer met die gereg gebots het, al die tyd Safenat-Paneag se broers is. Die misverstand kan maklik verklaar word as ’n mens in ag neem dat Safenat-Paneag maar net sewentien jaar oud was toe hy na Egipte gekom het. Die woordvoerder het ook gesê die farao het Safenat-Paneag se vader en sy hele familie genooi om in Egipte te kom bly, aangesien die hongersnood in Kanaän hierdie gesiene veeboere swaar getref het. Die farao het waens tot hulle beskikking gestel om hulle met die trek te help. Na verwagting sal die familie hulle in die Gosen-provinsie vestig.

- Lees hiervan in Gen. 45:1-24.

Patriarg hoor na twintig jaar sy lieflingseun is nie dood

BERSEBA. – Jakob seun van Isak het die grootste verrassing van sy lewe gekry toe hy vanoggend gehoor het sy lieflingseun Josef lewe nog. Hy het twintig jaar gelede aanvaar dat Josef dood is toe sy bediendes sy bebloede, verskeurde klere uit die veld vir hom gebring het.

Wat die verrassing soveel groter maak, is dat Josef intussen die onderkoning van Egipte geword het. Hy is die hoof van die graanopbergingsprojek in Egipte. Dit blyk nou dat Josef destyds deur sy broers as slaaf verkoop is aan Midianitiese handelaars, en so het hy in Egipte beland. Daar was in daardie dae groot ongelukkigheid onder Jakob se ander seuns omdat hulle pa Josef voorgetrek het.

Al dié onmin is blykbaar nou iets van die verlede, want Josef het sy broers vergewe. “Dit laat my nogal ver terugdink aan my eie jongmansdae,” het Jakob

gesê. “Ek het destyds my broer Esau net so gruwelik veronreg, maar toe ek na twintig jaar se ballingskap in vrees en bewing na my geboorteland terugkeer om Esau vir die eerste keer in die oë te kyk, was daar geen wrok by hom nie. Hy het my vergewe, net soos Josef nou met sy broers gedoen het.”

- Lees hiervan in Gen. 45:25-28 en Gen. 33:1-12.

Moenie tel as jy vergewe nie, sê rabbi

KAPERNAUM. – Die rabbi Jesus van Nasaret het hom weer eens teen die gangbare lering uitgespreek toe hy sy dissipels beveel het om nooit op te hou met vergewe nie.

Een van sy dissipels, Simon, het hom naamlik gevra hoeveel keer hy sy broer moet vergewe as hy iets verkeerds teen hom doen. Simon het gemeen dit sal sy leermeester tevrede stel as hy sewe maal vergewe. Waarop Jesus geantwoord het: “Ek sê vir jou, nie sewe keer nie maar selfs sewentig maal sewe keer.”

Die Bybelkoerant het ander rabbi’s se mening hieroor ingewin, en hulle het almal dieselfde antwoord gegee. Die oorgelewerde tradisie vereis van jou om iemand tot drie keer toe te vergewe. Alles wat jy meer as dit doen, is oortollige goeie werke. “Moet jou tog nie aan Jesus steur nie,” het een rabbi ons aangeraai, en bygevoeg: “Hy kom tog net van Nasaret. Wat verwag jy?”

- Lees hiervan in Matt. 18:21-35.

Die Bybelkoerant

Vergifnis is ’n moet, sê Jesus

Wanneer Jesus vir sy dissipels leer hoe belangrik dit is om te vergewe, vertel Hy hulle die gelykenis van die ondankbare amptenaar wat self soveel vergifnis

ontvang het, maar dit nie verder deurgegee het aan sy mede-amptenaar nie. Op die ou end beland hierdie man in die tronk 'om gemartel te word totdat hy al die skuld betaal het' (Matt. 18:34). En dan sluit Jesus af met hierdie woorde: "So sal my Vader wat in die hemel is, ook met julle maak as julle nie elkeen sy broer van harte vergewe nie" (vers 35).

Helmut Thielicke, 'n bekende teoloog, sê na aanleiding hiervan dat genade soos 'n aflosstokkie is. 'n Mens deel net in die oorwinning as jy die stokkie aangee. As jy daaraan vasklou en alleen enduit hardloop, word jy gediskwalifiseer, selfs al kom jy eerste, want dis teen die reëls. Iets hiervan het Josef verstaan. Maar Josef het ook iets anders ontdek wat hom gehelp het om te kan vergewe. Hy het raak gesien dat God met hom en sy broers besig is. "God het my voor julle uitgestuur om lewens te red," sê hy in Gen. 45:5. Later sou hy dit nog duideliker vir sy broers uitspel: "Julle wou my kwaad aandoen, maar God wou daarmee goed doen: Hy het gesorg dat 'n groot volk nou in die lewe gebly het" (50:20).

As jy 'n oog daarvoor het dat God sy plan met jou lewe sal bereik, ondanks die kwaad jou aangedoen, raak dit makliker om van harte te vergewe, soos Hy ons vergewe het. Bid om dié insig. Dan sal jy ophou boekhou van die kwaad.

Tien Kanaänitiese spioene weer vas

AVANIS. – Die tien Kanaänitiese mans wat enkele maande gelede op aanklag van spioenasie in hegtenis geneem is, is vanoggend hier vir die tweede keer gevang, slegs enkele ure nadat hulle in die stad aangekom het. Die klag is hierdie keer diefstal.

Die "jongste broer", Benjamin, vir wie hulle gaan haal het om hulle onskuld te bewys, het die GVE-hoof, Safenat-Paneag, se silwer beker gesteel. Dit het ondertussen ook aan die lig gekom dat hulle nooit vir hulle graan betaal het nie – nie met hulle eerste besoek nie, en ook nie vir hulle aankope gister nie.

Die diefstal is ontdek toe bediendes opgeruim het ná ’n banket wat Safenat-Paneag gehou het ter ere van die Kanaäniete. Hy wou hulle van sy goeie guns verseker ná die stief behandeling wat hulle op hulle vorige besoek gekry het. Toe is hulle van spioenasie verdink. Dit blyk egter nou dat Safenat-Paneag se aanvanklike vermoede nie ongegrond was nie.

Die aangeleentheid het ’n interessante wending geneem toe die tien “ouer broers” geweier het dat slegs die skuldige, Benjamin, gevang word en as slaaf in diens van die GVE-hoof agterbly. Hulle het daarop aangedring om saam met hulle jongste broer na Avanis terug te keer.

Die Kanaäniete sal waarskynlik more deur Safenat-Paneag self verhoor word. Een van die elf, Juda, het te kenne gegee dat hy hulle laak sal behartig.

- Jy kan hierdie aangrypende verhaal in Gen. 43-45:3 lees. Juda se pleidooi in Gen. 44:16-34 is besonder hartroerend.

KONING NEBUKADNESAR SIEK

BABEL. – ’n Woordvoerder van die paleis het bekend gemaak dat koning Nebukadnesar ongesteld is. Al sy afsprake is onbepaald uitgestel.

Die woordvoerder wou nie bekend maak wat die aard van sy siekte is nie, wat die vermoede laat ontstaan dat dit vry ernstig kan wees. Allerlei gerugte wat daarop dui dat die siekte een of ander vorm van geestesversteuring kan wees, doen ook die rondte. ’n Paleisamptenaar wat om verstaanbare redes nie sy naam genoem wil hê nie, het gesê dat hy die koning gister in die paleistuin aangetref het. Die koning het op sy knieë gestaan en gras eet. ’n Ander amptenaar het weer laat in die nag iemand wat soos die koning lyk, onder die bome sien rondkruip. Sy het snaakse steungeluide gehoor, maar was te bang om verder ondersoek in te stel.

Die perssekretaris in die kantoor van Beltsasar, die hoof van die wysheidsleraars, het op navraag die gerug bevestig dat die koning ’n jaar gelede ’n droom gehad het waarin hy gewaarsku is dat ’n vreemde siekte hom kan oorval.

- Lees hiervan in Dan. 4.

Soms is dit nodig dat God moet ingryp om ons van ons arrogansie te verlos. Want magslus en grootheidswaan is immers die oersaad vir die sonde. Was dít nie die lokaas wat Satan vir Eva uitgehou het in Eden nie? "… as julle van daardie boom eet … sal julle soos God wees (Gen. 3:5).

In hierdie wêreld is daar baie groot manne, manne met baie mag tot hulle beskikking. Dit was altyd so, en goed so. 'n Wêreld sonder gesagstrukture sal in chaos ontaard. Maar mag mag nooit sonder verantwoordelikheid uitgeoefen word nie.

'n Baie interessante (maar daarom nie minder tragies nie!) stukkie geskiedenis in hierdie verband is die rare siekte van Nebukadnesar. Nebukadnesar se ongelooflike mag het na sy kop toe gegaan. Die raad van Daniël aan hom is insiggewend: "Daarom, U Majesteit, luister na my raad: breek met u sonde en u ongeregtigheid, doen wat reg is en bewys barmhartigheid teenoor dié wat in nood is. Dan sal u voorspoed aanhou" (Dan. 4:27). Nebukadnesar se sonde was dat hy sy mag sonder deernis en barmhartigheid uitgeoefen het. Totdat God hom gestuit het.

Maar nie net die gemenes onder ons swig voor die versoeking van magsmisbruik nie; selfs die geloofsreuse uit die ou tyd was nie immuun teen die verleiding wat mag bring nie. Toe sy broers voor hom, die onderkoning van die magtige Egipte, buig, dink Josef: Nou het ek hulle in my mag. Destyds het hulle vir my gelag, maar nou sal ek hulle wys. Totdat God ingryp en hy tot sy skaamte moes ontdek: Juda is groter as ek, want hy dink aan pa Jakob se welstand, en ek net aan my eie kleinlike wraak. Watter hartroerende pleitrede lewer Juda nie in Gen. 44 nie!

Nie net maghebbers het gesag nie. Jy staan ook in 'n gesagsposisie teenoor ander. Gebruik dit tog met ootmoed!

Tien in hegtenis op spioenasieaanklag

AVANIS. – Die hoof van die GVE, Safenat-Paneag, het bekend gemaak dat hy eergister tien Kanaänitiese mans by die hoofgraansilo hier in hegtenis laat neem het op ’n aanklag van spioenasie.
Na bewering het hulle Egipte kom verken met die oog op ’n aanval later vanjaar. Hulle het glo veral belang gestel in die groot graanvoorraad. Dit is bekend dat die hongersnood in Kanaän in die jongste tyd ernstige afmetings begin aanneem.

Die mans ontken ten sterkste dat hulle spioene is. Hulle beweer dat hulle almal seuns van een pa is en dat hulle slegs kom graan koop het vir hulle familie. Hulle sê verder dat hulle nog ’n jonger broer het wat in Kanaän agtergebly het. Dié storie was egter ’n bietjie dun na Safenat-Paneag se sin, en hy het hulle summier in die tronk laat gooi. Hy het gesê een van die tien kan na hulle sogenaamde huis in Kanaän gaan om die jongste broer te gaan haal terwyl die ander nege in die tronk bly, maar van dié aanbod het hulle tot nog toe nie gebruik maak nie.

Die verhoor word môre hervat.

- Lees hiervan in Gen. 42.

Magtige Babiloniese Ryk tuimel

BABEL. – Die eens magtige Babiloniese Ryk is daar nie meer nie. Dit het gisteraand tot ’n val gekom toe koning Belsasar in ’n sluipmoordaanslag omgekom het.

Die man wat hiervoor verantwoordelik was, is Darius die Mediër. Sy nuwe ryk sal bekend staan as die Ryk van Mediërs en Perse. Bitter min is tans oor dié twee en sestigjarige seun van Ahasveros bekend. Dat hy ’n administrateur van formaat is, is egter seker. Binne enkele ure nadat hy die troon bestyg het, het hy bekend

gemaak dat hy die hele staatsadministrasie gaan verander. Hy het dit in die vooruitsig gestel dat hy honderd en twintig goewerneurs-generaal gaan aanstel, asook drie ministers.

Min mense sal kla oor die regrukplanne van die nuwe koning. Sy voorganger, Belsasar, was nie juis bekend vir sy sober administrasie nie. Dit was juis op een van sy uitspattige swelgpartye saam met sy duisend hoofamptenare dat hy vermoor is.

Intussen het ons verneem dat Belsasar enkele ure voor sy dood ’n bonatuurlike waarskuwing gekry het dat sy ryk gaan val, maar hy het hom klaarblyklik nie daaraan gesteur nie. Ooggetuies praat van ’n geheimsinnige hand wat op die muur van die banketsaal ’n onverstaanbare boodskap geskryf het. Ten einde raad is ene Daniël laat roep om die boodskap uit te lê. Daniël was vroeër ’n hoogaangeskrewe raadgewer en droomuitlêer van die groot koning Nebukadnesar, maar was nie in Belsasar se guns nie. Die boodskap het glo gelui dat Belsasar se dae getel is. Enkele ure later is hy vermoor.

- Lees van dié drama in Dan. 5.

Om oor na te dink

Die wiel draai. Wat vandag onder is, sal nie noodwendig altyd onder bly nie. En natuurlik ook omgekeerd. Daarom het ons ’n spreekwoord wat lui: “Moenie sê: fonteintjie, ek sal nooit weer uit jou drink nie.” Want niemand van ons kan die toekoms voorsien nie, en ons ondervinding leer ons dat die lewe soms eienaardige kinkels het.

In die Bybel lees ons nogal heelwat van hierdie kinkels. Vandag se twee berigte is voorbeelde hiervan. Van ’n eens magtige ryk wat oornag in duie stort. En van tien broers wat gelag het oor die droom van hulle jonger boetie dat hulle eendag voor hom sal buig. En toe gebeur dit, al was dit omtrent twintig jaar later eers. Maar Josef het dadelik dié gewraakte drome onthou (Gen. 42:9).

Wat die Bybel ons in hierdie verhale wil laat verstaan, is dat die wiel nie sommer net draai soos hy lus het nie. God se hand sit agter dié wiel. Dis Hy wat Josef onderkoning van Egipte gemaak het. Dis Hy wat Belsasar geweeg en te lig bevind het. Die wêreld loop nie sommer so blindelings voort, en party van ons is gelukkig en ander ongelukkig nie. God is in beheer.

Daarom sê Dawid in Ps. 31:15 en 16: “Maar ek vertrou op U, Here, ek sê: U is my God. My tye is in u hand.” Want hy het ontdek dat dit God is wat sy tye reël.

God reël ook jóú tye. Ook vandag, en môre, net soos Hy gister gereël het. Daarom kan jy met gerustheid op Hom vertrou, elke oomblik.

Farao se sewejaarplan teen hongersnood

AVANIS. – Die farao het vandag hier op ’n nuuskonferensie ’n sewejaarplan genaamd GVE (Graan vir Egipte) bekend gestel. Die doel van die GVE is om genoeg graan op te gaar, sodat niemand in geval van ’n langdurige droogte broodsgebrek sal ly nie. By dieselfde geleentheid het hy aangekondig dat hy ’n buitengewone pos geskep het om te verseker dat die inwerkingstelling van sy plan vlot verloop. Die man wat hierdie pos sal beklee, is Safenat-Paneag, ’n jong Hebreër van dertig jaar oud. Hy sal in rang net onder die farao staan, en dus tweede in bevel in die land wees.

In ’n plegtige seremonie het die farao sy seëlring afgehaal en dit aan Safenat-Paneag se vinger gesteek. Hy het ’n spesiale linnekleed aan hom oorhandig en ’n goue ketting om sy nek gehang. Hy het ook die tweede beste wa in Egipte as rytuig ontvang. Die farao het daarna vir Safenat-Paneag geluk en sterkte toegewens en ’n beroep op al sy onderdane gedoen om hulle volle samewerking aan hom te gee. Hy het onder meer gesê: “Ek bly die farao, maar ronder sy toestemming mag niemand in Egipte ’n vinger verroer of ’n voet versit nie.”

Farao het die GVE-plan gekry nadat hy in ’n droom deur die gode gewaarsku is

dat daar sewe jare van oorvloed wag, wat onmiddellik daarna opgevolg sal word deur sewe jaar van ongekende droogte. Die man wat die droom vir hom uitgelê het, was Safenat-Paneag, wat nou bevorder is tot eerste minister.

- Lees hiervan in Gen. 41:37-57.

VAN TRONK TOT TROON!

AVANIS. – Die man wat vandag die besondere eer te beurt geval het om deur die farao in die nuwe pos as hoof van GVE aangestel te word (sien berig elders in hierdie uitgawe), was tot enkele ure gelede nog ’n gevangene in die koninklike tronk.

Dié rare verhaal het hom vandag stuk-stuk ontvou in ’n openhartige onderhoud wat Safenat-Paneag aan *Die Bybelkoerant* toegestaan het. Hy het in die land Kanaän grootgeword, maar is op sewentien as slaaf na Egipte gebring. Hoe hy in slawerny verval het, wou hy nie vertel nie. Hier het hy in die huishouding van Potifar, die hoof van die koninklike wag, beland. Hy het vinnig opgang gemaak en was later in beheer van Potifar se hele huishouding. Na ’n baie ongelukkige voorval – weer eens wou hy nie verdere besonderhede verstrek nie – is hy in die tronk gegooi. Daar het hy gou die vertroue van die owerhede gewen en is hy as hoofgevangene aangestel. En sedert gister, toe hy na die farao ontbied is om die droom uit te lê, is hy ’n vry man.

Oor sy buitengewone vermoë om drome uit te lê, is hy beskeie. “Dis nie ek wat die drome verklaar nie. Ek is maar net ’n instrument in die hand van Jahwe, die God van my vaders. Dit is immers Hy wat die toekoms aan ons geliefde farao bekend gemaak het deur middel van die droom. Ek is net bly dat ek in ’n posisie was om te kon help.”

- Lees hiervan in Gen. 41:1-32.

Daar wag harde werk, maan hoof van GVE

AVANIS. – Op dieselfde nuuskonferensie waarop die farao die Graan vir Egipte-projek (GVE) aangekondig het, het die man op wie se skouers die GVE rus, Safenat-Paneag, ’n ernstige waarskuwing tot al die Egiptenaars gerig dat dit ’n uiterste spanpoging sal verg om die plan te laat slaag. Hy het bekend gemaak dat hy beamptes in al die provinsies gaan aanstel wat al die surplusgraan in die volgende sewe jaar van oorvloed gaan insamel. Hy het ook planne bekend gemaak vir die bou van graanskure in elke stad in die land, sodat daar genoeg bergplek kan wees.

- Lees hiervan in Gen. 41:33-36.

Om oor na te dink

Dit is maklik om in ’n oomblik van glorie voor die versoeking te swig om die kollig op jouself te probeer hou. Josef was werklik “die man van die oomblik” toe hy uit die tronk gehaal is om die farao se droom uit te lê. En tog weier hy om die roem vir homself te neem. “Nie ek nie! God gee dié goeie antwoord vir u” (Gen. 41:16), was sy verontwaardigde antwoord aan die farao toe dié te kenne gee dat dit Josef se eie vermoë is.

Dit is ware grootheid: om die lig van jouself af weg te draai na Hom wat sy lewe vir ons gegee het. Om, soos Johannes die Doper, te sê: “Hy moet meer word en ek minder’”(Joh. 3:30). Dit is ook ons roeping as sy gestuurdes, sy getuies in hierdie wêreld.

Lewe jy jou roeping as getuie van Christus Jesus uit, soos Josef wat nie huiwer om selfs as gevangene God te verheerlik nie?

Laat ons bid vir oop oë, sodat ons die geleenthede om oor die groot dade van God te kan getuig, sal raak sien. En laat ons bid vir die moed en beskeidenheid om dan dié geleenthede só te benut dat God verheerlik mag word.

Farao vier sy geboortedag met ’n groot onthaal

Van ons Ou Testament redaksie

AVANIS. – Die farao het gister sy verjaarsdag luisterryk gevier toe hy al sy amptenare op ’n reusebanket onthaal het. Kos en drank was daar in oorvloed, en die danseresse het met hulle skoonheid en grasie die gaste van al hul sorge laat vergeet.

Die hoogtepunt van die onthaal was weer eens die openbare verhoor van die farao se persoonlike gevangenes. Vanjaar is daar twee baie prominente gevangenes voor die farao gebring: die hoofkelner en die hoofsjef van die paleis, wat al geruime tyd in die koninklike tronk aangehou is. Die sjef is ter dood veroordeel: hy moet aan ’n paal hang totdat die voëls sy bene kaal gevreet het. In ’n grootmoedige gebaar wat ’n dawerende applous uitgelok het, het die farao die hoofkelner begenadig en weer in sy pos aangestel. Hy het onmiddellik sy werk hervat en vir die res van die banket die farao bedien.

Die Bybelkoerant het na afloop van die fees ’n kort onderhoud met die gelukkige kelner gevoer. Hy het gesê hy is nie eintlik verbaas oor die uitslag nie. Hy het drie dae tevore ’n droom gehad waarin die gode hom verseker het dat hy in sy amp herstel sal word. Hy sê hy voel nogal sleg oor die sjef, want hulle het lank ’n sel gedeel en goeie vriende geword. Oor sy tyd in die tronk wou hy nie veel uitwei nie. “Dis ’n verskriklike plek daardie. Bid net dat jy nooit daar kom nie.”

- Lees dit in Gen. 40.

Dawid steeds voortvlugtig; ontwyk koning

Saul net-net

GORESA. – Dawid seun van Isai, sy ouers en sy hele familie asook talle meelopers het gister inderhaas hiervandaan na die Maonwoestyn gevlug. Dit volg op berigte dat die Siffiete sy skuilplek aan koning Saul verklap het.

Dit is al die hoeveelste wegkruipplek waaruit Saul vir Dawid gejaag het. Dawid het, nadat hy in onguns by die koning geraak het, eers in Gat gaan skuil, toe in die Adullam-grot, en daarvandaan na Mispe in Moab. Hy is kort daarna na die Geretbos in Juda. Daarvandaan het hy na Keïla getrek nadat hy die stad uit die mag van die Filistyne bevry het, maar ook daar het Saul hom uitgejaag, en hy het na bergskuilings in die Sifwoestyn gevlug. Later het hy hom hier in Goresa kom vestig.

Ons korrespondent in die koninklike leër berig intussen dat die soldate vir Dawid die bynaam “Vlakhaas” gegee het omdat hy elke keer uit ’n nuwe gat moet vlug. Een van die soldate het skertsend opgemerk: “Hy is so bang vir ons koning, as hy net die naam Saul hoor, hardloop hy al!”

- Lees hiervan in 1 Sam. 23:19-28.

VERRAAIER ONTSNAP

Van ons Nuwe Testament redaksie

DAMASKUS. – Saul van Tarsus het laasnag spoorloos verdwyn, ten spyte van uitgebreide maatreëls deur die Joodse gemeenskap hier om hom te vang sodra hy die stad probeer verlaat.

Saul, ’n Joodse rabbi, het enkele dae gelede uit Jerusalem na Damaskus gekom met aanbevelingsbriewe van die hoëpriester. Sy oogmerk was om aanhangers van “Die Weg” in hegtenis te neem en na Jerusalem te neem vir ’n verhoor voor die Joodse Raad.

Saul het hom met sy aankoms hier egter nie, soos verwag is, by die sinagoge aangemeld nie. Onbevestigde berigte lui dat hy by ene Judas van Reguitstraat tuis was. Hy is glo ook by byeenkomste van die sekte opgemerk. Voorts het hy die

Jode woedend gemaak toe hy in die sinagoges die dwaalleer van die sekte, naamlik dat Jesus van Nasaret die Seun van God is, verdedig het. Dit het hulle laat besluit om hom te vermoor, maar nou het hy ontsnap.

“Die Weg” is ’n sekte wat onlangs in Jerusalem gestig is. Saul se veldtog in Jerusalem teen die sekte was só geslaag dat talle Jerusalem uit vrees vir hulle lewe verlaat het. Party van hulle het hulle in Damaskus kom vestig; gevolglik het die sekte nou ook hier die stad posgevat.

- Lees hiervan in Hand. 9:19b-25.

Om oor na te dink

Hoekom gaan dit soms met jou sleg? Daar is mense wat sal sê: dit is omdat jy nie naby genoeg aan die Here lewe nie. Die Here wil tog vir ons net die beste gee.

Maar dan moes dit mos met Josef ook net goed gegaan het! Hy het immers ’n onbesproke rekord in Egipte gehad. En tog beland hy in “hierdie gat”, soos hy die tronk noem (Gen. 40:15), al was die Here by hom. So lees ons in Gen. 39:21: “Terwyl Josef daar in die tronk was, was die Here by hom, en Hy het Josef sy troue liefde laat ondervind …”

Ook van Dawid lees ons dat hy telkens weer “bang voor Saul (moes) wegvlug” (1 Sam. 23:26). Dit was ook Paulus se ondervinding ná sy bekering. En van hulle albei getuig die Bybel ondubbelsinnig dat hulle naby die Here geleef het.

As alles in jou lewe nie verloop soos jy dit graag wil hê nie, beteken dit nie dat God jou vergeet het of dat daar sonde in jou lewe is wat jy eers moet aflê voordat dit beter kan gaan nie. Dikwels (meestal) is daar nie ‘n eenvoudige verklaring vir jou swaarkry nie, behalwe dat dit deel is van die gebroke werklikheid waarin ons leef. En natuurlik, dat Satan sy bes doen om God se kinders seer te maak. Die regte vraag in lyding is nie: “Hoekom gebeur dit met my?” nie. Die regte vraag is: “Hoe gaan ek hierdeur kom?” Dáárop is daar ‘n antwoord. God belowe dat Hy jou nie in jou swaarkry sal los nie. Dit was immers Jesus se laaste woorde voor sy

hemelvaart: “Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde…. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.”

JUDA WORD TWEELING RYKER

Van ons Ou Testament redaksie

ADULLAM. – Tamar, die vrou van Juda seun van Jakob, het vandeesweek die lewe geskenk aan tweelingseuns. Dié twee, Peres en Serag, sal ’n groot troos vir Juda wees. Hy het deur die jare deur diep waters gegaan toe hy eers sy eersgeborene, Er, aan die dood afgestaan het, en kort daarna ook sy tweede seun, Onan. Verlede jaar het hy weer eens by die oop graf gestaan toe hy sy vrou, Bat-Sua dogter van Gira, begrawe het.

Juda is onlangs eers met Tamar getroud. Sy was vroeër met sy oudste seun, Er, getroud, en toe hy sterf het sy Onan se vrou geword. Sy het egter nie kinders uit dié huwelike gehad nie. Ná Onan se dood het sy as weduwee by haar ouerhuis in Timna gebly tot sy verlede jaar met Juda in die eg verbind is.

Juda het nog een seun, Sela, uit sy eerste huwelik.

- Lees hierdie hartverskeurende verhaal in Gen. 38.

Potifar se vrou aangerand; slaaf in tronk

AVANIS (EGIPTE). – Die hoof van die koninklike lyfwag, Potifar, se vrou is gister in ’n geskokte toestand deur haar bediendes gevind nadat Potifar se hoofslaaf, ’n jong Hebreër genaamd Josef, haar probeer verkrag het.

Gelukkig vir haar het die ander slawe haar hulpkrete gehoor en kon hulle hulle meesteres betyds te hulp snel. Josef het op die vlug geslaan. ’n Stuk van sy klere is later deur die polisie op die misdaadtoneel gevind. Hy is kort daarna in hegtenis geneem en in die tronk gegooi.

Potifar het Josef enkele jare gelede by Midianitiese slawehandelaars gekoop. Hy was in daardie stadium nog baie rou, aangesien hy toe maar onlangs eers in slawerny verval het. Hy het byvoorbeeld niks van die Egiptiese kultuur en tradisies geweet nie. Letterlik alles wat hy van slawewerk en slaweverantwoordelikhede weet, het hy by Potifar geleer.

'n Sigbaar ontstelde Potifar het aan ons gesê hy is diep teleurgesteld in die slaaf. Hy was werklik 'n skrander jong man wat dit nog ver sou bring. "Wat vir my die ergste is, is dat my vrou so baie van hom gehou het en gedurig allerhande take in die huis aan hom gegee het om te doen, omdat sy veilig gevoel het in sy teenwoordigheid. Ek het werklik nie verwag dat hy die vertroue wat ons in hom gestel het, só lelik sou misbruik nie," het hy gesê.

Die slaaf sal nie gou dié misstap vergeet nie. Daarvoor sal die tronk sorg. Daar is egter mense wat sê Josef kan van geluk spreek dat hy met net tronkstraf daarvan afgekom het. Die meeste base sou op 'n summiere teregstelling aangedring het.

- Lees hiervan in Gen. 39.

Jong rabbi spreek hom uit teen korban-gebruik

Nuwe Testament Godsdiensverslaggewer

GENNESARET. – Die omstrede rabbi Jesus van Nasaret het hom weer eens die gramskap van die Fariseërs en skrifgeleerdes op die hals gehaal toe hy hulle gekritiseer het oor die oorgelewerde gebruike en leerstellings waaraan hulle vashou. In 'n skerp bewoorde aanval het hy sover gegaan om hulle "skynheiliges" te noem. Hy het hulle verder daarvan beskuldig dat hulle die gebod van God opsy skuiwe ter wille van oorgelewerde gebruike. As voorbeeld het hy verwys na die korban wat, sê hy, misbruik word om jou plig teenoor jou ouers te ontduik. Op hierdie manier leer die Fariseërs en skrifgeleerdes in die naam van vroomheid eintlik die mense om die vyfde gebod, naamlik dat jy jou vader en moeder moet eer, te oortree.

- Lees dit in Mark. 7:1-13.

Om oor na te dink

In die twee uiteenlopende verhale wat naas mekaar in Gen. 38 en 39 opgeteken is, lees ons van twee broers. Die spil waarom albei verhale wentel, is die broers se optrede teenoor twee vrouens aan wie hulle teen wil en dank verbind is: Juda en sy skoondogter-weduwee, Tamar, en Josef en die vrou van sy eienaar, Potifar. Maar daar hou die ooreenkoms op, want Josef se optrede word bepaal deur sy verantwoordelikheid teenoor sy baas; Juda kom juis weer nie sy verantwoordelikheid teenoor Tamar na nie. Dit sien hy uiteindelik in as hy verleë uitroep: “Sy is onskuldig, ek nie!” (38:26).

Ons kan ons op geen manier eenvoudig losmaak van ons verantwoordelikhede teenoor dié mense aan wie ons verbind is nie. Daarom trek Jesus so skerp te velde teen die geestelike leiers van sy tyd, omdat hulle maniere uitgedink het waarop mense hulle plig teenoor hulle bejaarde ouers kan ontduik, en dit nogal onder die dekmantel van vroomheid!

Ons het almal verhoudinge en posisies wat verpligtinge op ons laai, en ook vandag weer sal dit tyd en opoffering van jou verg. Doen dit met oorgawe terwyl jy Spr. 21:3 onthou: “Die Here verkies dat ’n mens doen wat regverdig en reg is eerder as dat jy offers bring.”